

Navorsingsresultate uit die bees se bek

Zeno Bester, Chemuniqué

Vandag se beesprodusent en voedingkundige het 'n wye verskeidenheid mineraalaanvullings om van te kies. Hoe onderskei 'n mens dan die kaf van die koring en waar word watter aanvullings gebruik? Die antwoord is eenvoudig – konsulteer met jou beeste, want diereprestasie is die enigste onfeilbare maatstaf van spoormineraalprestasie.

Die Zinpro-bul vra: 7 g Availa-4® per dag vir 60 tot 90 dae voor die dekseisoen en semen-evaluering, want spermotiliteit is die belangrikste meting van semengehalte wat bulvrugbaarheid beïnvloed.

Meting	Die Zinpro-bul (Availa-4®)	Die ander bul (anorganiese mineraal)	p-waarde
¹ Semenbeweeglikheid	66%	56%	p=0,02
¹ Progressiewe spermselle	47%	38%	p=0,01
¹ Snel bewegende spermselle (snelheid > 50 µm/s)	62%	53%	p=0,03
² Persentasiebulle wat puberteit bereik teen dag 42 van aanvulling	79%	47%	P=0,03

Die Zinpro-koei vra: Availa-4 teen 7 g per kop in die oorgangsperiode (30–60 dae voor kalwing) tot in met aanvang van die dekseisoen.

Meting	Aanvulling	Die Zinpro-koei	Die ander koei	p-waarde
³ Konsepsiesyfer	Availa-4® vs anorganiese minerale	75% jaar 1 89% jaar 2 88% jaar 3	76% jaar 1 57% jaar 2 65% jaar 3	p=0,15
⁴ Kalf GDT (geboorte tot 4 dae)	Availa-4® vanaf kalwing vir 200 dae vs anorganiese minerale	1.11 kg	1.06 kg	p=0,02
⁴ Konsepsiesyfer (KI)		75%	56%	p<0,05
⁵ Dae tot dek	Availa-4® (60 dae voor kalwing tot met dek) vs geen aanvulling	98 dae	108 dae	p=0,05
⁵ Melkproduksie van koei		9 liter	6,7 liter	p=0,05

³Universiteit van Florida Range cattle Research Station. Dr Arthington.
⁴Stanton et al., 2000.
⁵Montana State University. Paterson and Ansotegui. 2005.

Konstante spoormineraalaanvulling deur onder meer lekkes is noodsaaklik om reproduksie, melkproduksie en dus kalfprestasie te handhaaf. Availa-4® aanvulling word sterk aanbeveel vir beide kommersiële en stoetboere by alle teeldiere want reproduksievermoë van die kudde bepaal tot 'n groot mate die winsgewendheid van die

Die Zinpro-bul gee: In 'n studie op vleisrasbulle aan die Universiteit van Arkansas (Rowe et al., 2014)¹, is die effek van spoormineraalaanvulling op semengehalte 'n tydperk van 123 dae met behulp van rekenaargebaseerde spermontledings gemeet. Beeste het drie maal per week 'n lek ontvang met spoormineraal in anorganiese vorm of 'n mengsel van organiese en anorganiese minerale. Die organiese spoormineraalaanvulling was Zinpro Availa-4® gevoer teen 7 g per kop. In 'n ander studie deur Alexander et al., 2003² het bulle vir 98 dae of Availa-4® ontvang of spoormineraal in anorganiese vorm. Semengehalte in albei studies het noemenswaardig verbeter.

Die Zinpro-koei gee: verhoogde reproduksietempo en kalfprestasie.

produksie-eenheid. Teelkoeie wat gebruik word as embrioskenkers en ook bulle waarvan semen getap word, kan beslis baat by Availa 4®. Zinpro spoormineraal-aanvulling handhaaf verder ook hoefgesondheid, loop en dekvermoë by bulle en inaggenome die waarde van die teeldier is Availa-4® aanvulling dus ononderhandelbaar.

Die Zinpro-voerkraalbees vra: Availa-4® teen 7 g per kop en MicroPlex 3%® teen 0,1 g per kop in die aanvangsrantsoen en slegs 3,6 g Availa-Zn® per kop in die groei, afrond en finale afrondrantsoen. Kalwers wat in die voerkraal kom is dikwels ondergewig, vreet traag en vatbaar vir siektes. Availa-4® in die aanvangsrantsoen en ook in produksie-eenhede waar kalwers afgerond word,

verseker verhoogde voerinname, immuniteit en algemene gesondheid. Die addisionele chroom wat deur MiCroplex 3%® verskaf word verbeter die energiebalans en immuniteit in die voerkraalkalf en dus ook groeivermoë. 'n Sinkaanvulling vir die res van die groeiperiode (en ook saam met die beta-agonis in die finale rantsoen) verhoed hoefprobleme en verseker groei en prestasie.

Meting	Aanvullings	Die Zinpro-voerkraalbees	Die ander bees	Vebetering	p-waarde
⁶ GDT	Availa-Zn® teen 3,6 g/kop vir laaste 28 dae saam met 'n Beta-agonis teenoor sink in anorganiese vorm.	1,94 kg	1,91 kg	1,14%	p=0,03
⁶ Groei (oor hele periode)		298 kg	291 kg	2,25%	p=0,03
⁷ GDT	Availa-Zn® teen 3,6 g/kop regdeur voerperiode	1,44 kg	1,39 kg	3,26%	p<0,01
⁷ VOV		6,63	6,91	4,05%	p<0,01

⁶Cactus Feedyard, Texas. Swingle and Ives. (2880 feedlot steers)
⁷Summary of 22 research trials evaluating zinpro in feedlot cattle.

Data-interpretasie (p-waarde)

Wanneer navorsers die uitkoms van verskillende behandelings bespreek toon hul gewoonlik die p-waarde aan wat 'n aanduiding is van die moontlikheid dat die verskil per toeval was. 'n Waarde

van p<0,05 beteken daar is minder as 5% kans dat die verskil in prestasie toevallig was. Hoe kleiner die p waarde hoe groter die kans dat die verskil weer herhaal kan word en dat daar werklik 'n betekenisvolle verskil in diereprestasie tussen die behandelings was.

FEIT: Die bul, die koei en die voerkraalbees het gepraat en Zinpro Performance Minerals® Presteer
VRAAG: Wanneer luister jy en maak die skuif na Zinpro?

Who is telling the truth about cattle performance?
That's the real test.

For more than 40 years an uncompromising commitment to superior science and performance, has put Zinpro Performance Minerals® in a class by itself.

For further information visit www.zinpro.com/proven-science or contact Chemuniqué on +27 11 789 2414



www.chemuniqued.co.za



Performance Minerals® is a registered trademark of Zinpro Corp. ©2014 Zinpro Corp. All rights reserved.